# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**15 Oktober 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 9-1:1,7,10 en Lied 207:1,3,4
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels



**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 3
**Sing:** Lied 257:1,2,3
**Preek:**



**Tema:**
*Die genesing van die verlamde man bevestig die evangelie oor Jesus.*

**Belydenis van geloof aflegging en doop**
**Sing:** Psalm 134-1:4
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 10-2
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Emeritaatsversorging.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 8
22 Oktober: Wyk 9
5 November: Wyk 10



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens.

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/pwn-vzga-hpc

**FINANSIES EN EIENDOMME KOMMISSIE VERGADER - 18 OKTOBER:**
Die Finansies en Eiendomme Kommissie het op Woensdag 23 Oktober om 18:00 'n vergadering by die kerkgebou.

**HERVORMINGSONDAG – 29 OKTOBER:**
Sondag 29 Oktober is dit Hervormingsondag, die dag waarop ons die Hervorming van die sestiende eeu herdenk. Die agtergrond hiervan is: Op 31 Oktober 1517 het Luther sy 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker. Dit was die begin van die Hervorming, waaruit die protestantse kerke (waarvan ons ook deel is) hulle ontstaan gehad het. Daarom herdenk ons as gereformeerde kerke elke laaste Sondag van Oktober die Hervorming. Vanjaar het ons op daardie Sondag (29 Oktober 2023) om 09:30 'n gesamentlike erediens saam met die Gereformeerde Kerke Odendaalsrus en Theunissen in GK Odendaalsrus se kerkgebou.

**LIEF EN LEED:**
- Br. Neels Harmse is steeds in die ISE in Welkom Medi-Clinic. Nadat dit effens beter gegaan het, het dit later in die week weer slegter gegaan. Ons vra voorbidding vir hom. Ons vra ook voorbidding vir sy eggenote, sr. Ria (076 793 3254) en die res van die familie.
- Ons vra voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is of beproewings beleef waarvan ons nie weet nie.



# Ek Verjaar!




Die volgende lidmate verjaar tot 21 Oktober 2023**:**

| | | |
|---|---|---|
| 16 Oktober | Wanda Wasmüth | 084 791 2101 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

# Die Bybel

4 Petrus, vergesel van Johannes, het stip na hom gekyk en gesê: “Kyk
na ons!” 5 Hy het toe na hulle gekyk in die verwagting om iets van hulle
te ontvang. 6 Maar Petrus het gesê: “Silwer en goud het ek nie, maar
wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus van
Nasaret, staan op en loop!” 7 Hy het hom aan sy regterhand gegryp en
opgehelp. Onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. 8 Hy het
opgespring, regop bly staan, rondgestap, en toe saam met hulle die
tempelterrein binnegegaan, terwyl hy loop en spring en God prys. . . .
. . . . 12 Toe Petrus dit sien, het hy die volk toegespreek: “Israeliete,
waarom is julle hieroor verwonderd? Waarom staar julle ons aan asof
ons hom deur ons eie krag of godvresendheid laat loop het? 13 Die God
van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob, die God van
ons voorvaders, het sy Dienskneg Jesus verheerlik – Hom wat julle
oorgelewer het en voor Pilatus verloën het, al het hy beslis dat Hy
vrygelaat word. 14 Julle, egter, het die Heilige en Regverdige verloën, en
geëis dat 'n moordenaar vir julle begenadig word; 15 maar julle het die
Leidsman tot die lewe doodgemaak. God het Hom uit die dood
opgewek – daarvan is ons getuies. 16 Dit was op grond van geloof in die
Naam van Jesus dat sy Naam hierdie man wat julle sien en ken, sterk
gemaak het. En die geloof wat deur Jesus kom, het in julle almal se
teenwoordigheid hierdie volkome genesing aan hom gegee. 17 En nou,
broers, ek weet dat julle uit onkunde opgetree het, soos ook julle leiers;
18 maar op hierdie manier het God in vervulling laat gaan wat Hy vroeër
by monde van al sy profete aangekondig het, naamlik dat sy Christus
sou ly. 19 Bekeer julle en draai terug, sodat julle sondes uitgewis kan
word, 20 en vanaf die Here self tye van verkwikking kan aanbreek, en
Hy die Christus wat vir julle aangewys is, kan stuur, naamlik Jesus.

*~ Handelinge 3:4-8 en 12-20 ~*

# *Net 'n Gedagte*

*" 'n Dwaas soek geluk in die verte. 'n Wyse kweek dit aan sy voete."*

*~ Onbekend ~*

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

*Voorspoed is nie sonder sy angste en ongeriewe nie, teenspoed is nooit sonder sy voldoenings en verwagtings nie.*

*Voorspoed lê ondeug maklik bloot en teenspoed kan deugsaamheid nooit bedek nie.*

***~Francis Bacon ~***

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA